BULLETIN

21 FEBRUARIE 2021 - UITGAWE 5

SUIDER-PAARL GEMEENTE

SONDAG, 21 FEBRUARIE 2021

TWEEDE LYDENSWEEK

Aanlyn diens: Ds. Theo Hay

08:00 Erediens en Nagmaal Suider-Paarl: Ds. Theo Hay
09:00 Erediens: Klapmuts: Dr. André Kilian
09:30 Erediens Suider-Paarl: Ds. Theo Hay
09:30 SPkidz by Picardie Gasteplaas
19:00 #COLLIDE by die Kerk

Tema: God se verbond met Noag

Teks: GENESIS 9: 8 - 17

8Verder het God vir Noag en sy seuns gesê: 9“Kyk, Ek sluit
'n verbond met julle en julle nageslag 10en met al die
lewende wesens by julle: die voëls, die mak diere en die
wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit
die ark uitgekom het. 11Ek sal my verbond met julle hou:
mens en dier sal nie weer deur vloedwaters uitgewis word
nie. Daar sal nie weer 'n oorstroming wees wat die aarde
sal oorweldig nie.”
12Toe het God gesê: “Dit is die teken van die verbond
tussen My en julle en die wilde diere by julle, 'n verbond
wat vir alle toekomstige geslagte geld: 13my reënboog het
Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die
verbond tussen My en die aarde. 14Wanneer Ek wolke oor
die aarde laat saampak, en die reënboog verskyn in hulle,
15sal Ek dink aan my verbond met julle en al die wilde diere
volgens hulle soorte. Daar sal nooit weer vloedwaters kom
wat alle lewende wesens uitroei nie. 16Die reënboog sal in
die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, sal Ek dink aan die
ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die
aarde.”
17God het vir Noag gesê: “Dit is dan die teken van die
verbond wat Ek tot stand gebring het tussen My en al die
lewende wesens op die aarde.”

PROGRAM VIR DIE WEEK

Woensdag, 24 Februarie

10:00 Bybelstudie

Vrydag, 26 Februarie

05:30 Bybelstudie Mannegroep

VOLGENDE SONDAG

Sondag, 28 Februarie 2021

DERDE LYDENSWEEK

08:00 Erediens: Suider-Paarl: Ds. Theo Hay
09:00 Erediens: Klapmuts: Ds. Lenois Stander
09:30 Erediens: Suider-Paarl: Ds. Theo Hay
09:30 SPkidz
19:00 #COLLIDE

NUWE LIDMATE wat by die gemeente wil inskakel, is welkom om die kerkkantoor telefonies te kontak by 021 863 2700.

Indien u kontakbesonderhede verander, laat weet ons ook

#COLLIDE vanaand om 19:00 by die kerk. Onthou om jou plek te bespreek!

BYBELSTUDIE

WOENSDAE 10:00 TOT 11:00

Sluit by ons aan vir Bybelstudie elke Woensdag om 10:00 by die kerk. Ons het vandeesweek begin met ’n 6-weke studie getiteld: **You'll get through this** deur **Max Lucado**.

Die reeks gaan oor die verhaal van Josef wat soos óns tans, in 'n tyd van onsekerheid en met terugslae geleef het.

Sien jou daar!

VANDAG BY @SPkidz

@SPkidz Gr 1: Ons kyk na drie verskillende harte. Watter hart wil ek graag wees? Wie sit op die troon van my hart? Hoe maak ek my hart skoon as ek sonde gedoen het?

@SPkidz Gr 2: Die Israeliete kry swaar in Egipte. Ons skryf ’n “WhatsApp” aan ’n slawedrywer, maar ons moet onthou: Ons is Jesus se kind.

@SPkidz Gr 3: Ons ontmoet vir Bileam en sien hoe God ’n vloek in seën verander.

@SPkidz Gr 4: Die Israeliete soek ’n koning. Wat is die eienskappe van ’n goeie leier?

@SPkidz Gr 5: Ons ontmoet vir Habakuk. Ons ontdek die woorde: “Nogtans sal ek die Here dien.”

@SPkidz Gr 6: Trots vs Nederigheid. Wat het met trotse koning Nebukadneser gebeur?

DANKOFFERS

Die Gemeenteraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel.
Bydraes kan soos volg gemaak word:
NGK Suider-Paarl
ABSA Tak: 632005
Tjekrekening: 740580132

Suider-Paarl Gemeente

Snap here to pay

SnapScan

LEESROOSTER VIR LIDMATE

Leesrooster vir Lidmate word uitgegee deur Bybelmedia en bied aan lidmate die geleentheid om die erkende teksrooster elke week in hulle persoonlike stiltetyd, met huisgodsdiens of in groepbyeenkomste te volg. Só help dit lidmate om die boodskap van die Bybel oor ’n tydperk van drie jaar in sy groter omvang te lees en te leer ken.

Omdat *Leesrooster vir Lidmate* aansluit by die seisoene van die kerkjaar, moedig dit lidmate aan om al die feeste, gebruike en gewoontes van die kerkjaar te vier en te ervaar. Voor elke seisoen van die kerkjaar begin, is daar agtergrondinligting oor daardie spesifieke seisoen.
Leesrooster vir Lidmate sluit ook aan by die Seisoen van Luister se Luistersiklus en behandel elke week ’n ander teksgedeelte. Elke dag van die week word daar vanuit ’n ander hoek op hierdie teksgedeelte gefokus. Dit help lesers om ’n leesmetode te ontwikkel wat hulle help om die Bybeltekste vanuit verskillende perspektiewe te oordink. Dit ontwikkel by lesers die besef dat verskillende perspektiewe op die teks verskillende vrae ontlok, om uiteindelik verskillende insigte en antwoorde te bied. Deur die fokusteks bring Leesrooster vir lidmate ook eenheid tussen die erediens, huisgodsdiens en groepgesprekke.



Hierdie boek kan teen R150.00 (kosprys) by die kerkkantoor bestel word. Kontak ons asb indien jy graag een van hierdie boeke wil bekom, maar nie die bedrag kan bybring nie.

21 Februarie 2021
Aneska du Toit, Rudolf Peda, Monica Pieterse, Juan Samuel, Jac Strydom, Jody Theron, Carla Van Staden, Yvette van Zyl

22 Februarie 2021
Leon de Jager, Marisa Havinga, Ryk Human, Nicky Knörr, Gerda Malherbe, Manie Mouton

23 Februarie 2021
Eloura Boshoff, Yolandé Erasmus, Anchön Hesse, Marilize Hugo, Hennie Minnaar, Lea Scholtz, PJ Stander, Dirk van Zyl

24 Februarie 2021
Glearson April, Sophia Geldenhuys, Deirdrie Grové, Bessie Haumann, Monja Kemp, Megan Marais, Luné van den Berg, Charlie Whitehead

25 Februarie 2021
Leon Bester, Rikus Groenewald, Amanda Hoffman, Mariaan Hunkerman, Rita Schutte, Bea van der Merwe, Heinrich van Zyl, Jaco Wiese

26 Februarie 2021
Mia de Villiers, Caryn Downing, Elna Kriek, Janko Malan, Nicolene Neethling, Arena Phillips, Emmé van Niekerk, Nica van Zyl

27 Februarie 2021
Helena Fourie, Alexander Malan, Ronell Palm, Adri Raath, Mari-Lena van Rooyen